



Hoërskool Duineveld

deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886
Upington, 8800
Tel: (054) 338 8222
Faks: (054) 338 8288

www.duineveld.co.za
skoolhoof@duineveld.co.za
leerdersake@duineveld.co.za
admin@duineveld.co.za

12 Oktober 2026

Geagte ouer

ORDEREËLINGS INSAKE DIE NOVEMBER 2026 BEVORDERINGSEKSAMEN

Die skool volg 'n interne en in sekere vakke 'n provinsiale eksamenrooster en hiermee die nodige eksamenreëlins vir u aandag:

Die eksamen vir graad 10 – 11 leerders strek van 26/10/26 – 27/10/26 en vir graad 8 – 9 leerders vanaf 09/11/26 – 27/11/26. In die voorafgaande weke vanaf 26 Oktober sal graad 8 – 9 leerders wel normale klasse in kernvakke hê te voorbereiding vir die eksamen. Raadpleeg die eksamenrooster aangeheg vir meer besonderhede.

ORDEREËLINGS:

1. Leerders skryf in toegedeelte eksamenlokale/registerklasse. Daar sal 'n geleentheid wees vir studie voor die aanvang van die skryfsessies. Die eksamensessie eindig elke dag **12:30 waarna die skool sal verdaag** vir graad 8 – 11 leerders.
2. Afwesighede tydens die November eksamen moet gestaaf word met 'n **doktersbrief/mediese sertifikaat of begrafnisnota/doodsertifikaat van die direkte familielid.**
3. **DAAR IS GEEN TWEDE GELEENTHEDE VRAESTELLE NIE. LEERDERS WAT AFWESIG OF SKRYFSESSIES MISLOOP SONDER GELDIGE REDE/DOKUMENTASIE, SAL 0 (NUL) ONTVANG.**
4. **ENIGE AGTERSTALLIGE ASSESSERINGS VAN DIE KWARTAAL/JAAR MOET OOK VOLTOOI WEES VOOR MAANDAG, 26 OKTOBER 2026.**

5. Die eksamen afbakening van werk sal beskikbaar gestel word deur die onderskeie vakonderwysers.
6. Die skool sal gedurende die eksamen op normale tyd begin, 7:25 by aantreeblad en verdaag na afloop van die skryfsessie, 12:30. Tref asb. die nodige vervoerreëlins.
7. Konsessie leerders sal dienooreenkomstig gefasiliteer word, navrae Mev. I Taute.
8. Neem kennis dat 'n leerder sy/haar handboek ook op die betrokke dag moet inhandig by die vakonderwyser. Verseker asb. dat die handboeke terugkom in dieselfde toestand as wat dit uitgegee is. Indien 'n boek intussen verlore geraak het moet die boek betaal word by Mev. Ria Louw en die kwitansie getoon word aan die vakonderwyser.

Kostes:

Gr. 8	R200
Gr. 9	R200
Gr. 10	R250
Gr. 11	R250
Gr. 12	R250

Leerders met uitstaande handboeke sal nie 'n rapport ontvang alvorens alle uitstaande handboeke terug besorg is nie.

Ons vertrou dat u ons sal ondersteun in die uitvoering van die ordereëlins ten einde die beste te verseker vir ons leerders.

Groete



Mev. I.M. Taute
Adjunkhoof: Akademie



Dr. R. Andrianatos
Skoolhoof